**1 Junie**

**My oog verdof sodat ek reg kan sien ...**

**Skrifgedeelte: Psalm 6**

Wanneer ’n mens met aardse oë die ellende van ons sondewêreld deurleef, kom daar sekerlik ’n punt waar ons aardse oë nie meer kan (*of wil*) kyk nie. Dit raak net te veel.

Hierdie digter worstel met die gebrokenheid van ’n sondewêreld. Hy bely selfs sy eie sondegebrokenheid. God se tydelike straf is reeds in hierdie wêreld werksaam. Vir God se kind is dit tot tugtiging. Hy wil sy kinders in beproewinge deur sy genade nadertrek. In hierdie digter se lewe kom daar ’n duidelike verdieping. Hy distansieer hom van alles (*en almal*) wat iets met onreg te make het.

En dan verander alles skielik. Wanneer sy aardse oë dof word, verhelder sy geloofsoë. Die worsteling verander in ’n geloofsuitroep. In die donkerte van beproewing breek die helder lig van God se genade deur.

Daar is ’n spreekwoord wat sê: *Wanneer die nag op sy donkerste is, is die dagbreek op sy naaste.* Ons almal weet van kragonderbrekings. Sommige besighede het ’n bystandstelsel in werking. Sodra die krag afgaan, word die bystandskrag in werking gestel. Dit is ook die boodskap van hierdie Psalm. Die digter se worsteling het nie net sy aardse visie verdof nie, maar ook sy liggaamskragte leeggetap. Dieselfde oomblik wat hy sy aardse visie verloor het, het hy ’n geloofsvisie ontvang. Dieselfde oomblik wat hy sy eie kragteloosheid besef het, het God se krag hom vervul.

Wanneer ons swak is, dan is ons sterk. Moenie bang wees as God besig is om jou leeg te maak nie, want Hy sal jou ook weer met sy krag en visie vul.

*Sing: Psalm 6* *Ds. IW Ferreira (Rietvallei)*